# **Die sagte man:**

Here, here ons moet dit weet!!
Hierdie donker bloed is net sweet?
Dis Jan wat die video moet vergeet.
Ons almal is versadig aan leed!

Here, here ons sluit af hierdie hoofstuk.
Ons verlang ons oor ‘n mik!
Die kleinste geskenk is nou geluk.
Here, Here ons sukkel om te sluk!

Here, Here die huis is vol van die meeste,
Boere brêk met hul brahmaan beeste.
Ons kyk na die bybel en volg die lese!
Hierdie plan is deel van U keuse.

Ibidem, hier is mense met min,
Harte wat doen volgens U sin!
Swak en gevul met die ding!
Ons maak die belofte, ons dra die ring.

Kindjies op die gladste glyblank,
Vir niks is hulle tog bang,
Soos kewers kou dit, ons noem dit verlang!
Help Vader, ons moet hulle vang.
U het die skakelaar, dis donker in die gang!

Help nou vir Susan,
Bernard is amper ‘n man.
Ansu is A graad graan!
Kyk daar verdwyn die maan.

Help die naastes om weer op te staan.
Van hier moet ons vorentoe gaan!
Dis die wil van die sagste man.
Eerlik, opreg met die Feiertag van.

Aan my vriend: Anton Feiertag
Copyright (c)